Wes-Kaap Onderwysdepartement
Richard Van Der Horst
Direktoraat: Kurrikulum- en Assesseringsbestuur
Richard.vanderhorst@westerncape.gov.za | 021 467 2991

Lêerno.: 19/3/1
Verwysing: 20220421-1596

Kurrikulum- en Assesseringsbestuurminuut: 0001/2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Senior onderwyskundiges en Prinsipale van alle skole

Onderwerp: Inwerkingstelling van 2022 se assesseringsprogram in hoofstroom en spesiale skole dwarsdeur die Algemene Onderwys-en-opleidingsband

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het nasionale Assesseringsomsendbrief 02 van 2022, met 01 April 2022 as datum, vrygestel, as **Bylae A** aangeheg.

2. Nasionale Assesseringsomsendbrief 02 van 2022 verskaf riglyne oor die inwerkingstelling en administrasie van die assesseringprogram vir elke vak en fase vir 2022.

3. Die assesseringsprogram vir 2022 het nie verander van die een wat in 2021 uitgereik is nie.

4. Hierdie riglyne stem ooreeen met die herstelling van die jaarlikse onderrigplanne (JOP's) in die Algemene Onderwys-en-opleidingsband vir die hoofstroomskole.

5. Hierdie minuut bou voort op die hoofbeginsels vir die inwerkingstelling van gehalteassesseringstake in die AOO-band wat in 2020 bekendgestel is en volg op prosesse oor kurrikulumbesnoeiing en herorganisasie.

6. Skoolgebaseerde assessering (SGA) sluit strategieë in wat ooreenstem met die assessering vir 'n leerbenadering wat leerders sal help om die verlangde leeruitkomstes van elke graad en vak te behaal.

7. Die eksamens in die middel van die jaar en die jaareindeksamens vir die intermediêre en senior fases word deur kontroletoetse, wat in beheerde omstandighede afgeneem moet word, vervang. Die inhoud van die kontroletoetse moet gegrond wees op werk wat in 2021 se herstellings-JOP's gedek is.

8. Die kontroletoets in Junie moet werk van Kwartale 1 en 2 dek, en die einde van die jaar se kontroletoets moet werk van Kwartale 3 en 4 dek, tensy die vak bepaal dat inhoud van ander kwartale ingesluit moet word.

9. **SGA en gewigsbepaling van taak**

9.1 Die soort en getal take, ingeslote puntetoekenning en gewigsbepalings van take per vak en graad, word opgesom volgens nasionale Assesseringsomsendbrief 02 van 2022 vir elke fase in **Bylae A**: Grondslagfase, **Bylae B**: Intermediêre fase en **Bylae C**: Senior fase.

9.2 **Bylae A** van nasionale Assesseringsomsendbrief 02 bepaal dat die SGA in die grondslagfase 'n 100%-gewigsbepaling dra wat behaal word deur 'n reeks voortdurende assesseringspraktyke wat in die JOP aangedui word.

9.3 **Bylaes B en C** van nasionale Assesseringsomsendbrief 02 bepaal dat die SGA in die intermediêre fases 'n 80%-gewigsbepaling dra. Die kontroletoets wat in Kwartaal 4 afgeneem word en enige ander assesseringstaak soos in die toepaslike DBO-bylae gelys, sal die oorblywende 20% uitmaak.

9.4 Daar word gewag op duidelikheid van die DBO oor die kontroletoets van Ekonomiese Bestuurswetenskappe wat in Kwartaal 4 uitgereik word. Skole sal hieroor ingelig word.

9.5 Indien kurrikulumdekking gekompromitteer word weens 'n verlies aan onderrigtyd as gevolg van COVID-19 se verwante variante, of enige ander onvoorsiene gebeure, mag puntetoekennings verminder word om te pas by die inhoud wat gedek is, maar die gewigsbepaling van die taak soos aangedui in die aangehegte bylaes en sy bydrae tot die kwartaal en algehele SGA-punte, sal onveranderd bly.

10. **Gehalteversekering van formele assesseringstake**

10.1 Die opstel van formele assesseringstake van hoë gehalte is belangrik en skole moet akkurate verslae hou oor ontwikkelings- en gehalteversekeringsprosesse wat gevolg is en wat onderworpe mag wees aan moderering deur distriks- en provinsiale prosedures.

10.2 Omsendbrief 0042/2019 van 13 November 2019 beskryf die gehalteversekering van die formele assesseringstake in 'n vak deur die departementshoof/vakhoof, of 'n kundige onderwyser wat geag word om vaardig in die vak te wees, of 'n departementshoof/vakhoof van 'n naburige skool, voordat die assesseringstaak afgeneem word.

10.3 Die moderator moet toesien dat die formele taak deur 'n uitvoerige nasienriglyn en/of rubriek wat noukeurig geformuleer is, vergesel word. Enige aanbevelings vir verbetering van die modereringsproses moet in die assesseringstaak ingesluit word voordat dit afgeneem word.

10.4 Onderwysers wat dieselfde vak onderrig, moet die nasienriglyne/rubrieke as 'n span bespreek om te verseker dat die nasien gestandaardiseer is. Alle skrifte wat nagesien is, moet by die vakhoof ingedien word om 'n 10%-toetsing van die skrifte te modereer. Hierdie toetsing moet hoë, gemiddelde en lae leerderprestasies insluit.

10.5 Eksterne moderering moet deur distrikskantore en die provinsiale kantoor gedurende 2022 gedoen word en terugvoering moet ná die modereringsproses aan skole gegee word.

10.6 Verdere kommunikasie sal volg.

11. Assessering vir leer (formatiewe assessering)

11.1 Kurrikulum- en assesseringsbestuurminuut 0004/2020 van 13 Oktober 2020 gee leiding oor assessering vir leer-/formatiewe assessering wat rigting aan die onderrig- en leerproses moet gee. Dit verwys na informele, daaglikse assesserings wat tydens die les deur onderwysers gedoen word om die kennis, begrip of vaardighede van die leerders te verbeter.

11.2 Onderwysers word aangemoedig om bevindings oor informele assesseringsaktiwiteite aan te teken wat rigting sal gee aan hulle pedagogiese benadering.

11.3 Onderwysers moet assessering vir leer-/formatiewe assesseringsaktiwiteite gebruik om onderrig- en leerprosesse in die klas te monitor, asook moontlike gapings in leer te identifiseer. Assessering vir leer kan waarnemings, bevraagtekenings, besprekings, dagboeke, veelkeusige vrae, praktiese aanbiedings, ens. insluit, soos weergegee in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se *Riglyne om onderwysers te ondersteun in die verbetering van assessering vir leer*, 2020, saam met 'n reeks infografika waartoe toegang deur die e-Portaal verkry kan word.

12. Skoolgebaseerde ondersteuning

12.1 Skoolgebaseerde ondersteuningspanne (SGOS's) moet toesien dat voldoende en gepaste ondersteuning verleen word aan leerders wat gapings toon of leerhindernisse ondervind ooreenkomstig die DBO se *Beleid oor Sifting, Identifiserng, Assessering en Ondersteuning* (SIAO), 2014, soos uiteengesit in Assesseringsbestuurminuut 0005/2017 van 16 Maart 2017.

12.2 Akkommodasies en konsessies moet so gou as moontlik toegestaan word om te verseker dat leerders nie op enige wyse benadeel word nie. Die aansoekproses is in Assesseringsbestuurminuut 0001/2019 van 28 Januarie 2019 uiteengesit.

12.3 Die vroeë identifisering van leerders met leerhindernisse moet ooreenkomstig die SIAO voorkeur bly geniet. Ter ondersteuning van leerders moet daar aansoek om assesseringsakkommodasies en konsessies gedoen word soos in Assesseringsbestuurminuut 0001/2019 verduidelik.

13. **Aantekening van leerderprestasie**

13.1 Skole wat die WKOD se optekenings- en verslagdoeningsprogramme vir graad 1-9 op SOBIS gebruik om punte op die vakblaaie aan te teken, moet seker maak dat alle data wat vasgelê is deur die bestuur van die skool geverifieer is.

13.2 Die gewigbepalings van individuele SGA-take word by die optekenings- en verslagdoeningsprogramme programmaties ingesluit en daar sal nie van skole verwag word om programmatiese veranderings aan die afsonderlike gewigsbepalings van take aan te bring nie.

13.3 Die optekenings- en verslagdoeningsprogram bevat 'n ingeboude funksionaliteit wanneer 'n assessering nie afgeneem word nie (bv. om geldige afwesigheid vas te lê, waar nodig, gebruik "A:Abs", ens. soos op die instruksieblad van die optekenings- en verslagdoeningprogram weergegee). Dit sal bydra tot 'n eerlike weergawe van leerdervordering en prestasie.

14. **Roosters en verslae**

14.1 Finale bevorderingsroosters vir alle grade moet deur kringbestuurders op SOBIS goedgekeur en afgeteken word.

14.2 Kommentaar oor leerderprestasie word deur onderwysers ingetik en word outomaties oorgedra om op die verslagkaart te verskyn. Onderwysers word aangemoedig om kommentaar te gebruik wat die ontwikkelingsvaardighede van die leerders sal verbeter.

14.3 Die verslagkaarte wat aan ouers verskaf word, sal die kode en persentasie vir al vier kwartale toon asook die finale bevorderings-/vorderingskode en persentasie.

15. Verdere riglyne en direktiewe kan in die loop van die akademiese jaar verskaf word.

16. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief met alle onderwysers te deel.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2022-04-26